Artikel

191.A 1 (13)

# DR. D. F. MALAN

## 'n GROOT KANSELIER VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

(Deur die Rektor, Prof. H.B. Thom)

---

Vroeg in hierdie jaar het dr. D.F. Malan ons ontval. Van alle kante het die Afrikanerdom hulde gebring aan sy nagedagtenis.

In hierdie hulde het ook die Universiteit van Stellenbosch 'n ruime aandeel geneem, en tereg ook want dr. Malan was nie net 'n roemryke oud-student van die Universiteit nie, maar hy was ook Kanselier van die Universiteit, en wel vir 'n tydperk van agtien jaar.

Die tydperk van dr. Malan se kanselierskap sal in die geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch as 'n tyd van groot probleme en tegelyk van groot bloei en vooruitgang bekend staan. Dit was 'n tydperk van probleme, want dit was in hierdie tyd dat ons o.a. die Tweede Wêreldoorlog - met al sy kwellende moeilikhede - moes beleef, en dat ons met 'n voortdurende, belemmerende gebrek aan fondse te kampe gehad het. Maar dit was ook 'n tydperk van groot bloei en vooruitgang: die fakulteite van Ingenieurswese en Geneeskunde is gestig; Bosbou het 'n afsonderlike fakulteit geword; Militêre Studies en Biblioteekkunde is aan die Universiteit ingevoer; buitemuurse opleiding is deur die Fakulteit van Handel by Bellville begin; groot nuwe geboue, akademiese geboue en koshuise, het op die Universiteitsterrein verrys; en, wat studentetal betref, het die Universiteit van 'n klein inrigting tot 'n groot Universiteit gegroei.

Vanselfsprekend het dr. Malan nie regstreeks met al hierdie ontwikkelinge te doen gehad nie. Met sommige daarvan, soos die Fakulteit van Geneeskunde, het hy wel regstreeks te doen gehad, maar met die meeste ander was sy aandeel onregstreeks. Een ding staan egter vas, en dit is dat die persoonlikheid en invloed van die Kanselier vir die Universiteit op 'n verskeidenheid van terreine van enorme groot waarde was. Wat dr. Malan ook al elders in ons volks-

lewe was, hy was ook 'n waardige verteenwoordiger van die Universiteit van Stellenbosch; en dit het vertroue gewek en besieling gebring. Die beeld van dr. Malan sal onuitwisbaar gegrafeer bly in die herinnering van studente en dosente van Stellenbosch, veral van diegene wat hom gedurende die laaste jare van sy lewe van naby geken het.

In hom het die Afrikanervolk gehad: die gelowige mens, wat die Godsdiens van sy volk uitgeleef en uitgedra het; die oortuigde onderwysman, wat geweet het dat 'n volk wat nie kennis besit en dit nie uitbrei nie, sal vergaan; die liefdevolle eggenoot en vader, wat die gesinslewe en familieband op tipiese Afrikanerwyse gevoed en versterk het.

Ons het in hom ook gehad die kultuurbewuste Afrikaner wat die kultuurgoedere van sy volk gewaardeer en gekoester het; en ons het in hom ook gehad die staatsman, wat, te midde van die storms van die stryd, geweet het dat sy volk bowealles eenheid begeer, en wat die insig en formaat besit het om daardie eenheid, meer as ooit tevore, te verwesenlik.

Wanneer Suid-Afrika, en by name die Universiteit van Stellenbosch, so 'n leier verloor, kan ons in ons weemoed net stil wees en nadink. Dan sal ons, in ons droefheid, ons ook van 'n gevoel van diepe dankbaarheid bewus word, dankbaarheid dat die Here in Sy Alwysheid dit só beskik het dat ons, juis in hierdie tyd van ons geskiedenis, 'n leier soos dr. Malan gehad het. Met so 'n leier kon Suid-Afrika, en kon Stellenbosch, hulle probleme met vertroue tegenoet gaan; met so 'n leier kon 'n tyd van groot probleme ook 'n tyd van skitterende vooruitgang word.

Terwyl ons met diepe waardering dink aan wat dr. Malan vir ons beteken het, weet ons maar al te goed dat daar iemand aan sy sy was, wat hom in alles trou bygestaan het. Aan mev. Malan betuig ons innige dank vir die huis wat sy en haar kinders aan hom gegee het. Ons deel saam met hulle in hulle droefheid, maar gelukkig deel ons ook saam met hulle in mooi herinneringe, wat vir ons almal, as gees- en volksgenote, vir die toekoms 'n inspirasie sal bly.